# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 23 APRIL 2023

**Handelinge 2 | Is Jesus ook vir jou Here en Christus?**

Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Breytenbach (1)

Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Visser (8)

Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

Kleuterkerk om 09:00 in die grootsaal

Aanddiens om 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Schoombie

## PINKSTER 2023

- **Hemelvaart | 18 Mei**

Hemelvaartdiens om 19:00 in die kerk en aanlyn. Die kerkkantoor is gesluit op Hemelvaartdag.

- **Pinkster | 21 tot 28 Mei**

21 Mei | Pinksterreeks begin om 09:00 in die kerk | Dr. Hanekom

22 tot 25 Mei | Aandpinkster om 19:00 in die kerk | Ds. Breytenbach

- **Oggendpinkster | 22 tot 26 Mei**

Oggendpinkster om 10:00 in die kerk | Mike van Deventer

- **Kinderpinkster**

22 tot 25 Mei om 19:00 in die grootsaal | Talente en geestelike gawes.

- **Sop na die Aandpinksterdienste:** Indien jy met die maak van sop behulpsaam kan wees tydens Pinkster, kontak asb. vir Christine by 082 353 9917. Helpers berei die sop tuis voor en gee dit dan warm en gereed vir opdiening, voor die Pinksterdiens, in die markplein af.

## MANNEKAMP

Jy word hartlik uitgenooi na ons mannekamp, aangebied vanaf 21 tot 23 Julie by die Andrew Murray Spiritualiteitsentrum in Wellington. Kontak asseblief vir ds. Johan Visser by johan@stellenberg.co.za of 072 603 3205 indien jy wil saamgaan.

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFER

Studentebearbeiding (Sinodaal) fokus op die ondersteuning van studente op Stellenbosch-, Wellington- en Tygerbergkampusse.

## BOEKBEKENDSTELLING | 26 APRIL

Kom sluit op Woensdag 26 April om 18:00 by ons aan in Hoërskool Stellenberg se LHub vir die bekendstelling van Schalk van Heerden se boek, Betereinder. Die boek is 'n menslike gids oor hoe om te floreer in Suid-Afrika en bied ook praktiese riglyne oor hoe elkeen 'n verskil in die land kan maak. Almal is welkom. Wyn en 'n vingerete word bedien. Bespreek jou plek deur die vorm op die skakel te voltooi, of bespreek by Charlotte by 021 976 419/charlotte@stellenberg.co.za

https://forms.gle/pxzeCEkdqTUU2uUY9

## FEESMARK: AANSOEKE IS OOP

Voornemende uitstallers kan voor 30 April aansoek doen om hul ware by 2023 se feesmark uit te stal. Doen aanlyn aansoek op www.stellenberg.co.za. Neem kennis dat die feesmarkdatums verskuif het en vanjaar vanaf 23 Oktober tot 11 November aangebied sal word.

## SKATTEMARK | 3 JUNIE 10:00 TOT 14:00

Saterdag 3 Junie 10:00 tot 14:00 in die saalkompleks. Kom verkoop gerus al jou bruikbare, gebruikte skatte by ons jaarlikse Skattemark. Klere, huisware, kamp- en sporttoerusting, dekoritems, ens. is alles welkom. Jy beman jou eie tafel. Uitstallers word ook uitgenooi om wegneemetes aan te bied. Bespreek jou tafel, www.stellenberg.co.za.

## VATVYF-BYEENKOMSTE

By ons volgende byeenkoms op 17 Mei gaan die Nasionale Seereddingsinstituut ons meer vertel oor hulle werksaamhede. Ons ontmoet om 10:00 in die kafeteria. Bespreek asb. jou plek voor Maandag 15 Mei by Charlotte (021 976 4519). Toegang is gratis.

## DOOP VANDAG IN KLEINSAAL

George en Tanya Farmer laat doop vanoggend tydens die familiediens vir Zoë Ann Farmer.

### KATEGESE

**ANNIBRAND JUNIOR**

Graad 1-3: Grootsaal

Graad 4-6: Kleinsaal

Graad 7: Jeuglokaal

**ANNIBRAND SENIOR**

Kleingroepe na afloop van die aanddiens om 18:00.

### BREIGROEP

Die breigroep kom op Maandag 8 Mei om 09:30 in die markplein byeen. Bring jou breiwerk saam.

### KERKKANTOOR SKAKELBORD

Neem asb. kennis dat die kantoor se skakelbord nie tydens beurtkrag werk nie. Stuur gerus 'n e-pos navrae@stellenberg.co.za of 'n WhatsApp na 081 045 2428.

## BELYDENISAFLEGGING VANAAND

Die volgende jongmense beoog om vanaand tydens die aanddiens hulle geloof voor die gemeente te bely. Ons verwelkom hulle graag as belydende lidmate.

| | |
|---|---|
| Barnard | Bianca |
| Bester | Famke |
| Boshoff | Cornelius Theo |
| Boshoff | Stephanus Esias |
| Brand | Karli |
| Brand | Alicia |
| Brand | Frederik Johannes |
| Buckle | Luke |
| Burger | Talita |
| Carstens | Johannes Bernardus |
| Combrink | Abigail |
| De Jager | Andries Johannes |
| De Jager | Christiaan Dirk |
| Du Pisani | Adam |
| Els | Enya |
| Esterhuizen | Stephan |
| Esterhuysen | Charl Gerhardus |
| Grové | Hanro |
| Kannemeyer | Anke |
| Kleu | Ethan Daniël |
| Koegelenberg | Bea |
| Koen | Thomas |
| Koen | Emile |
| Langenhoven | Ockert |
| Louw | Anneke |
| Morsbach | Kyla |
| Mouton | Simon Hendricus |
| Nieuwoudt | Nia |
| Odendaal | Ruben Johannes |

| | |
|---|---|
| Potgieter | Johan Andries Meyer |
| Rosslee | Shelby |
| Rossouw | Dian |
| Schloms | Ernst |
| Smuts | Charlotte |
| Swart | Walter Pienaar |
| Teubes | Sophí |
| Van der Merwe | Jan-Dirk |
| Van der Merwe | Katie |
| Van der Merwe | Neo |
| Van der Walt | Zoë |
| Van Der Westhuizen | Waldo |
| Van Nieuwholtz | Joubert |
| Van Rensburg | John Vincent |
| Van Staden | Zain Marque |
| Van Tonder | Christo Evan |
| Van Wyk | Anina |
| Van Zyl | Gerrit Daniël |
| Van Zyl | Visser |
| Van Wyk | Ryno |
| Veldsman | Tiaan |
| Visagie | Willem Steenkamp |
| Viviers | Dawid |
| Vivier | Izak Basson |
| Vlok | Gideon Jacobus |
| Volschenk | Ian Sean |
| Vosloo | Eduan |
| Wessels | Inessa |
| Winterbach | Lauhan |

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel, tydens die skool-kwartaal. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied terapie, berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste is beskikbaar. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00), of stuur 'n e-pos na therapy@ stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

### Op jou rekenaar:

Jy kan die bulletin en *Stellenberger* per e-pos ontvang. Stuur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za.

### Op jou selfoon:

Skandeer enige van die QR-kodes om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit en toegang tot gerieflike elektroniese kommunikasie te ontvang. Jy kan die bulletin, geestelike dagstukke en algemene nuus op jou selfoon ontvang deur die QR-kode met jou selfoonkamera te skandeer, klik dan op die geel skakel wat op die skerm verskyn en kies die groep, of groepe waarby jy wil aansluit.

**Gemeente se WhatsApp-groepe**

**Jong volwassenes en studente**

**Annibrand Junior Laerskool-kategesegroepe**

**Annibrand Senior Hoërskool-kategesegroepe**

EDELWEISS

HUISDIENS

Sondag 23 April om 18:00 in sitkamer

1 Korintiërs 15:1–11 Deur die genade is ek wat ek is . . .

**Geen Bybelstudie op 27 April, weens die vakansiedag.**

VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.